# LAERSKOOL FRANS CONRADIE

'N WAARDEGEDREWE SKOOL
WAT LEIDING NEEM IN
GEBALANSEERDE

FC

OPVOEDING
TEN OPSIGTE VAN
AKADEMIE, SPORT EN KULTUUR

FRANS CONRADIE

WAARHEID

# 2024

# JAARVERSLAG

# LAERSKOOL FRANS CONRADIE

## J A A R V E R S L A G 2 0 2 4

### 1. Aanbieding deur skoolhoof

### 1.1 Inleiding

Geagte Meneer die seremoniemeester, eregaste, ouers, personeel en leerders. Dit is vir my ‘n ongelooflike groot voorreg om vanaand vir die tweede keer as die skoolhoof van hierdie geliefde Laerskool Frans Conradie ‘n jaarverslag van die gebeure van ons skool gedurende 2024 te lewer. Baie dinge het verander en verbeter gedurende hierdie jaar en daar is ook dinge wat nie verander het nie. Een van die onveranderlikes is die feit dat hierdie skool gelei word deur die Heilige Gees en dat ons as personeel elke dag bid vir die nodige wysheid, geduld en deursettingsvermoë om alles wat ons doen by die Fransies te onderwerp aan die wil van ons Skepper.

As ons terugkyk na die jaar wat verby is, kan ons nie anders as om in diepe nederigheid en dankbaarheid al die lof aan ons Hemelse Vader te gee nie. Ons personeel se tema vir die jaar was “Morele Herlewing” met 1 Korintiërs 3:6 as ons teksvers: “Ek *(elke individuele onderwyser)* het geplant, Apollos *(al die onderwysers)* het natgegooi, maar God het laat groei”. Ons het baie aandag daaraan geskenk om saadjies te saai wat ons kinders kan help om te kan weet wat is goed en sleg, reg en verkeerd, respek, goeie maniere en vele meer.

Ons verkeer steeds in onseker tye oor finansies, postevoorsiening, wetgewing en allerlei algemene tendense in ons land. Maar ons verkies om te fokus op die positiewe en goeie van die lewe.

Aan elkeen wat onbaatsugtig, sonder eie gewin, dag in en dag uit, voorbereiding doen, ondersteun, afrig en die ekstra myl stap, wil ek hulde bring en u verseker dat dit nie ongesiens verbygaan nie.

Ons glo in elke kind se potensiaal en wil dit bereik deur die holistiese ontwikkeling van elke leerder. Ons streef na ‘n balans tussen akademie, sport, kultuur, dissipline, sosiaal en vestig ons Christelike waardes in elkeen van hierdie terreine as kern. Dit maak ons ook ongelooflik trots om te sien hoe ons **oud-Fransieleerders** op alle terreine presteer in die onderskeie hoërskole, want, so wil ons graag glo, die fondasie was reg. Oud-leerders blink uit in sport, akademie, kultuur en leierskap. Trotse Fransies waar die Waarheid altyd seëvier.

Finansies bly ‘n kopseer, maar ek wil vanaand ons ouers wat hul volle samerwerking gee hartlik bedank. Dit was tot dusver die eerste jaar in ‘n baie lang tyd waar ons elke maand ons personeel vol salarisse kon betaal en al ons verpligtinge nakom. Ons is nog nie waar ons wil wees nie, maar daar was definitiewe vordering. En die feit dat ons fondsinsamelings so goed ondersteun is, was die deurslag.

Ons is verbind daartoe om die beste vir ons skool en sy leerders te bied en weier om te kompenseer vir kwaliteit en bied ons elke dag die beste wat daar is aan ons kinders. Die personeel is deeglik bewus dat hulle nie vir mense werk nie, maar vir God. Om hierdie rede lewer elkeen van hulle hul beste, want hulle weet hulle is besig met Koninkrykswerk.

Die Beheerliggaam het die begroting vir 2025 gedoen en nooi u uit om asb. Dinsdagaand se Algemene Begrotingsvergadering om 18:00 by te woon, om insette te lewer, maar meer belangrik om ingelig te wees.

Ons ouers moet elkeen daardie besluit maak of u u kind ‘maar net in nog ‘n skool wil plaas en of u u kind in **ons** skool wil plaas’. Ons is almal interafhanklik van mekaar en moet hande vat om ons na nog hoër hoogtes te neem. Frans Conradie se kultuur, sport, akademie, infrastruktuur, waardes en opvoeders is van die beste wat u sal kry en ver bo die algemene standaard. Ons weet waar ons krag vandaan kom, maar ons is ook ‘n skool wat ander gelowe, kulture en tale erken en respekteer en hanteer dit met die nodige sensitiwiteit. Ons is trots Afrikaans.

Verlede jaar het ek melding gemaak van die uitdaging wat die veelbesproke Bela-wetgewing bied en die enorme implikasies wat dit vir skole soos wat dit tans is, inhou. Steeds is hierdie proses aan die gang en ons kan maar net wag en kyk wat die uitkoms gaan wees en dan pro-aktief daarvolgens optree.

### 1.2 Personeel

Eise aan ons onderwysers raak elke dag meer en meer. Dit is nie net administrasie, dissipline en kurrikulum nie, maar ook toenemend gevalle waar onderwysers emosionele bystand aan leerders moet gee. Dit gebeur omdat die juffrou of meneer in baie gevalle die enigste persoon is met wie daardie kind kan praat en waar hy/

sy veilig genoeg voel om oop te maak. Dit is ‘n risiko vir onderwysers en moet met die grootste omsigtigheid hanteer word. ‘n Feit wat nie oorbeklemtoon kan word nie is die ongelooflik passie wat ons personeel openbaar vir onderwys. Hul roeping is hul trots en daarom kan ek met lof praat van hul pligsgetrouheid, omgee en liefde vir elke leerder en algehele toegewydheid teenoor ons skool. Ons eerste prioriteit is en sal altyd uitnemende onderrig en leer (akademie) bly, dit natuurlik in totale oorgawe aan ons Skepper.

Personeelskommelinge is en sal altyd deel van ons personeelkorps bly. Ons is baie dankbaar dat ons nie hierdie jaar geraak is deur die Departement se personeeltoekenning nie. Intussen wag ons in spanning om te sien hoeveel poste die DBO vir volgende jaar aan ons gaan toeken, maar die aanduidings is daar dat die huidige voorsiening dieselfde sal bly.

Juffrou C. Jv Rensburg wat ‘n beheerraadpos by ons gevul het, het ‘n departementele aanstelling gekry by ‘n ander skool. In haar plek het ons die baie bekwame juf. Makkie de Lange gekry om af te los tot aan die einde van die jaar. Juffrou P. Fourie is op siekverlof tot aan die einde van die jaar en daarom is juffrou M. van Jaarsveld tydelik aangestel. Haar aanstelling verander in 2025 in ‘n permanente aanstelling.

Juffrou I. Koekemoer wat ook ‘n beheerraadpos gehad het, het weens logistieke reëlings ‘n pos aanvaar in PE. In haar plek het ons vir juffrou B. van Greunen aangestel. Baie dankie juffroue Makkie, Madelie en Bianca, vir die wyse waarop u by ons ingeval het en uitstekende diens lewer. Juffrou Makkie, u kan nou weer die aftrede geniet totdat ons u dienste weer benodig.

Juffrou B. Timms, tans ‘n eksterne student by ons, is deur die Beheerraad aangestel as graad 1-onderwyseres in 2025. Baie geluk, Juffrou, en ons weet jy sal meer as jou deel doen in ons Grondslagfase.

Me. E. Oosthuizen voltooi haar studies aan die einde van die jaar en ons wil haar ook sterkte toewens met haar loopbaan vorentoe. Dankie vir die onskatbare waarde wat u toegevoeg het tot ons skool al was u slegs ‘n student. Dit bly vir ons ‘n voorreg om deel te kan wees van die onderwyseres waarin jy gegroei het.

Mnr C. Tau, een van ons terreinwerkers is gedurende die jaar uit ons diens ontslaan. Mnr. J. Mabunjana maak die einde van Desember klaar by die Fransies en ons wil vir hom dankie sê vir jare se getroue diens. ‘n Nuwe aanstelling sal weldrae gemaak word.

Dit is ook dan ‘n voorreg om twee nuwe interne studente in 2025 by ons te verwelkom. Hulle is me. Kelly Gouws, ‘n oud-Fransie wat ook hoofmeisie hier by ons was en mnr. Danie Hugo. Ons glo dat julle die beste internskap hier by ons sal ontvang en sodoende ‘n bate vir die onderwysberoep sal wees.

Nasorg o.l.v. mev. L. Nortje en haar span lewer steeds uitmuntende diens. Deur die loop van die jaar is mev. Nortje aangestel as hoof en onder moeilike omstandighede is sy besig om haar voete te vind en ons nasorg vorentoe te neem. Aan die einde van die jaar maak mev. Magda Roux klaar by die Nasorg en die beheerraad is tans in die proses van die aanstelling van ‘n plaasvervanger.

Ons vakante Adjunkhoofpos is nog nie gevul nie en ons hoop dat ons hierdie proses so gou as moontlik kan afhandel.

Ons personeel presteer ook in hul eie privaat hoedanigheid. So byvoorbeeld het juf. Lindie die Comrades gehardloop, juf. Tanya dien op Die Dameskring se uitvoerende Bestuur en is ook die organiseerder van die Despatch Kunsfees, mnr. Mattheus het sy vlak 3 Noodhulp voltooi en juf. Dylane speel vir die OP netbal. Verskeie ander personeel het ook allerlei kursusse voltooi.

Dit is belangrik om te onthou dat onderwys die beroep is wat alle ander beroepe vorm en dit is die rede waarom ons onderwysers so reuse taak op hul skouers dra.

*Die personeel sien as volg daaruit*:

| | |
|---|---|
| Skoolhoof: | Mnr. Z.J. Grobler |
| Adjunkhoof: | Vakant |
| | |
| Departementshoofde: | Mnr. C. Ferreira – Intermediêr en Seniorfase |
| | Mev. K. Turner – Grondslagfase en Sias |
| | |
| Graadhoofde: | Gr. RR Mev. S. Swanepoel |
| | Gr. R Mev. C. Rademeyer |
| | Gr. 1 Mev. M Schoonraad |
| | Gr. 2 Me. M. Smit |
| | Gr. 3 Mev. P. Fourie |

| | | |
|---|---|---|
| | Gr. 4 | Mev. H. Dippenaar |
| | Gr. 5 | Mev. D. Olivier |
| | Gr. 6 | Mev. L. Stander |
| | Gr. 7 | Mev. J. Strydom |
| Leerkragte: | Gr. RR | Mev. S. Swanepoel |
| | Gr. R | Mev. C. Rademeyer |
| | | Me. S. Botha |
| | Gr. 1 | Mev. M. Schoonraad |
| | | Mev. B. van Greunen |
| | | Mev. C. Botes |
| | Gr. 2 | Me. M. Smit |
| | | Me. K. Senekal |
| | | Mev. E. van Niekerk |
| | Gr. 3 | Mev. P. Fourie (Siekverlof) |
| | | Mev. M. van Jaarsveld (Aflos) |
| | | Mev. E. Diedericks |
| | Gr. 4 | Mev. H. Dippenaar |
| | | Me. K. Erasmus |
| | Gr. 5 | Mev. D. Olivier |
| | | Mnr. L. du Toit |
| | | Mev. J. Viljoen |
| | Gr. 6 | Mev. L. Stander |
| | | Mnr. B. Human |
| | | Mev. M. De Lange (Aflos) |
| | Gr. 7 | Mev. J. Strydom |
| | | Mnr. E. van Tonder |

| | |
|---|---|
| SASAMS | Mnr. C. Ferreira / Me. L. Deyzel |
| Rekenaars/Robotika: | Mnr. A. Mattheus |
| Musiek: | Mev. T. Gerber |
| Admin: | Mev. C. Esterhuizen |
| | Mev. O. Fourie |
| Faktotum: | Mnr. H. Potgieter |
| Sielkundige: | Me. M. Ackerman |
| Studente: | Mnr. J. Badenhorst |
| | Mnr. D. Lotriet |
| | Mnr. C. Leonard |
| | Mnr. T. Van Huyssteen |
| | Me. D. Marais |
| | Me. M. Momberg |
| | Me. E. Oosthuizen |
| | Me. L. Deyzel |
| | Me. D. Roelofse |
| Skoonmakers: | Mnr. J. Mbunjana |
| | Mnr. F. Ranisi |
| | Mnr. T. Cakwebo |
| | Mev. M. Baartman |
| | Mev. B. Kosi |
| | Mev. V. Mayer |

**Nasorgpersoneel**

| | |
|---|---|
| Hoof: | Me. Lucille Nortje |
| Assistente: | Mev. L. Minnie |
| | Mev. A. Human |
| | Mev. L. du Plessis |
| | Mev. N. Starbuck |

Mev. C. Boshoff
Mev. M. Roux
Mev. D. Kitching
Me. G. Altichiero

Skoonmaakster: Mev. C. Pezisa

**1.3 Beheerliggaam**

| | | |
|---|---|---|
| Voorsitter | : | Mnr. M. Lobar |
| Ondervoorsitter | : | Mnr. J. van der Berg |
| Tesourier | : | Mnr. D. de Ridder |
| Ouers | : | Mnr. S. Lambrechts<br>Mev. D. Erasmus<br>Mnr. W. Steffens (Gekoöpteer) |
| Sekretaresse | : | Mev. C. Esterhuizen |
| Personeel | : | Mnr. C. Ferreira<br>Mev. K. Turner |
| Skoolhoof | : | Mnr. Z.J. Grobler |

Ons Beheerliggaam met mnr. M. Lobar aan die stuur spandeer baie tyd, ondersteuning en onbaatsugtige diens aan ons skool. U is van onskatbare waarde vir ons skool en kry nie altyd die nodige krediet nie. Moeilike en dapper besluite moes geneem word waar die skool as prioriteit en die leerders se belange voorop gestel is.

Mnr. Lobar maak aan die einde van die jaar klaar omdat sy laaste spruit dan klaar is met graad 7. Ons wil u bedank vir 9 jaar, waarvan 4 as voorsitter, se toegewydheid tot ons skool. Die skool en ons leerders was altyd u hoogste prioriteit. Baie dankie vir die passie, energie en ook die vryheid wat u my gegee het om die skool te bestuur. Sterkte op die pad vorentoe. Tans is mnr. Wiehann Steffens gekoöpteer op die Beheerraad en sal ons in Maart 2025 ‘n tussenverkiesing hou om die vakante posisie van mnr. Lobar te vul.

FOV en Klub 50 wat as subkomitees die fondsinsamelings namens die Beheerliggaam hanteer, het skitterende werk gedoen en dit is hierdie fondse wat ons vir 3 maande gedra het. Die kuieroggende saam met Jak de Priester en die Knipmes-en-Spitaand was groot hoogtepunte van vele, wat nie net finansieel nie, maar ook baie tot ons skool se beeld na buite bygedra het. Baie dankie vir u harde werk, beplanning, tyd en opofferings. Die Fransies waardeer dit opreg.

**1.4 Getalle:**

Ons het tans 604 leerders. Ons streef daarna om volgende jaar ons getalle so ’n bietjie te laat sty gen dit lyk of ons nader aan 630 leerders in 2025 kan wees. As skool is ons geweldig trots op al ons leerders. Meer oor hul prestasies verskyn in die jaarverslag.

**1.5 Een en ander:**

Laerskool Frans Conradie het uitstekend gevaar op vele terreine. Ons het in rugby ‘n paar verteenwoordigende spelers in die Uitenhage streekspan gehad. Een speler het vir die OP o/12 rugbyspan gespeel. Weereens het ons leerders wat redenaars praat, ongelooflik goed gedoen. Ons atlete het presteer en netbal en krieket was kompeterend. Ons tennis is weer besig om ‘n krag te word en ons het uitstekende skaakspelers. Ons kinders was uitstekend by die Kunsfees, redenaars, koor en ‘n pragtige Kaperjolle konsert is aangebied. Die grootste Fransie Sportdag sedert sy ontstaan 30 jaar plus gelede, is aangebied. So kan ek aangaan oor elke fasset van ons skool, maar meer daaroor in die jaarverslag wat u sal ontvang.

Verlede jaar het ek gepraat oor die moontlikheid van ‘n selfoontoring op ons terrein. Daar was geen verwikkelinge intussen nie en ek twyfel ook of iets gaan gebeur.

Ons het een van ons doelwitte met welslae behaal en dit is die aanbied van ons Robotika en Koderingprogram. Veral hier is ons baie dankbaar vir skenkings en ondersteuning van ouers en instansies. Om in lyn met Departementele vereiste te kom gaan ons die skool se biblioteek weer in 2025 aktief laat wees en dit ook aanwend om ons kinders se leesvaardighede te verbeter.

Ons sosiale platforms is baie aktief en is van bogemiddelde standaard. Hieronder val ons aktiewe Facebook, Instagram en TikTokbladsye. U moet ons webblad besoek om vanaf enige plek in die wêreld duidelik te sien waarvoor ons skool staan. Ons kinders geniet die weeklikse Lofprysingperiode steeds met oorgawe en dit is twintig minute waarna hulle almal weekliks vreeslik uitsien. Dan het ons ook getrou Dankbare Donderdae, waar die week se Geestelike boodskap weer voorgehou is en Musikale Maandae, waar ons musiekleerders hul talent op die verskillende instrumente ten toon gestel het, geplaas. Ons Groenprojek het ook weer vlamgevat. Die Jesusweek, VCSV, Huis Najaarbesoeke deur leerderraad, die projekte, fondsinsamelings, toere en uitstappies het alles met oorgawe plaasgevind.

Ons het baie gewoeker met ons terrein en geboue. Ongelukkig kos die onooglikste dele die meeste geld en kon ons nog nie aandag daaraan gee nie, maar ons sal daar kom. Die gebou is baie naby aan heeltemal klaar geverf en ons tuintjies kom stadig maar seker aan. Spreiligte is opgesit by die klubhuis en nuwe advertensieborde teen die pad en op die gebou se vensters is gedoen. Die veiligheid en sekuriteit van ons skool is bietjie opgegradeer met die aanbring van toegangsborde en die toegang tot die ontvangsafdeling. Soos die finansies dit toelaat sal ons uiteindelik die hele skool se sekuriteit van top gehalte hê. Ons doen gereeld aansoek by die Departement om ons skool se omheining oor te doen asook die oprigting van ‘n robot by die kruising. Een of ander tyd moet

ons pleidooi by die regte persoon uitkom.  Die Departement doen tans herstelwerk aan ons graad RR se dak wat beskadig is in die storms vroeër die jaar. ‘n Groot verbetering is gemaak met die graad 1 en R parkies. Ons het nie bereik wat ons wou met die opknapping van ons saal nie, maar ons glo 2025 sal die jaar wees. Met dit wat ons tot ons beskikking het, en die goedhartigheid van ouers en ondersteuners, gaan ons, deur genade, voluit vorentoe. Die mate waartoe maatskappye en die gemeenskap ons ondersteun en betrokke raak is ‘n riem onder die hart.

Die Fransie hoedjies, kouse, kombersies, sakkies, hemde en ondersteunersbaadjies is goed ondersteun en ons sal in die nuwe jaar weer geleentheid daarvoor bied.

Ons het verskeie leeders wat in buitesport presteer. Twee leerders het ons in die OP-span verteenwoordig in boogskiet. Dan het ons leerders wat uitstekend doen in karate, stoei, ballet, dans, modelwerk en kuns.

Ons leuse vir ons skool se kompetisies van watter aard ook al is:

Wen is goed. Deelname is beter. Om te geniet is die beste! By ons is elke leerder wat probeer ‘n wenner al kom jy laaste!! **Die klem lê op neem deel, doen jou bes en genot!**

Ons leerders en skool het gedurende die jaar baie blootstelling gekry op Facebook, WhatsApp, Instagram, TikTok en ons webblad. ‘n Video van een van ons graad 1-leerders is onlangs wêreldwyd goed ontvang en dit was ‘n absoluut spontane voorbeeld van waarvoor die Fransies staan. Maandagoggende is groot ophef in die saal gemaak van al ons presteerders en verder het ek u so op hoogte as moontlik gehou met die weeklikse stemboodskappe en kwartaallikse omsendskrywes. Elke afdeling van ons skool word dan ook verder in die jaarverslag gedek.

### 1.6 <u>Bedankings:</u>

- Ek wil eerstens die belangrikste komponent bedank en dit is ons Hemelse Vader. Spreuke 16:3 ”Laat jou werke aan die Here oor, dan sal jou planne uitgevoer word.” Dit bly my riglyn.
- Baie dankie aan al ons sake-ondernemings en instansies vir u volgehoue ondersteuning.
- Ons borge en donateurs (wat almal op die naam gemeld word in die jaarverslag) vir u oop hand en vrygewigheid. Ons het hierdie afgelope jaar weer ongelooflike ondersteuning ontvang. Ons waardeer dit opreg.
- Die Christelike- en Kerkinstansies, Ondersteuningsorganisasies en Gebedsgroepe wat ons skool mildelik help en voorbidding vir ons doen.
- Groot dank aan ons groepie mammas wat elke dag vir ons behoeftige leerders broodjies voorsien. Ons weet dit kos u ‘n klomp geld, maar ook dat u dit doen omdat u omgee.
- Mev. Crowley, ons EDO van die DBO wat ons baie goedgesind is en altyd beskikbaar is om te help asook verskeie amptenare met wie ons al ‘n goeie verhouding opgebou het.
- Ons buite-afrigters (mnr. Brown, Bosch, Mulder, Van Greunen, Riekert en Van Rooyen), dankie vir u toegewydheid. U doen dit uit ‘n passie vir die sport en liefde vir kinders. Ons waardeer u insette.

- Spesiale woord van dank aan Despatch Tennisklub vir die gebruik van die tennisbane. Mnr Mulder veral is met ons tennis vir ons goud werd. Baie dankie.
- Oom Pottie en sy span werkers. U is verantwoordelik vir die sigbare beeld van ons skool na buite, baie dankie vir al die harde werk. Hierby wil ek ook vir mnr. Rudi Struwig hartlik bedank vir al sy persoonlike tyd en insette wat hy die afgelope jaar by ons skool ingesit het, jy het al deel van ons span geword.
- Mnr. Morne Brown en sy span vir die diens in die snoepie.
- Mnr. Riaan Trosee vir die diens as fotgraaf.
- FOV en Klub 50 wat deur die ouers van die leerderraad gedryf word, wil ons hartlik bedank vir die reuse bydrae wat u lewer om ons skool ‘n beter skool te maak. Dankie aan die onderskeie komiteebesture wat ongelooflik baie tyd insit in beplanning en organisering. U het u regtig goed van u taak gekwyt gedurende 2024 en het ons gedra deur die moeilikste tye.
- Ons uitstekende Nasorgpersoneel o.l.v. mev. L. Nortje vir alles wat u vir ons leerders doen na-ure.
- My twee staatmakers en eerste beeld van ons skool, die sekretaresses. Dankie vir die ondersteuning en groot omsigtigheid waarmee u die taak van die kantoor beman en ook seker maak dat besoekers welkom voel.
- Ons skole op Despatch en omgewing teen wie ons meeding, maar ook aan die onderskeie Hoërskole vir die goeie gesindheid wat daar heers tussen ons.
- Ons leerders van ons pragtige skool Laerskool Frans Conradie. Julle is ons trots, laat die Waarheid seëvier in jul lewens.
- Die uittredende leerderraad, julle was jul posisie waardig.
- Die Beheerliggaam met al die sub-komitees vir u onbaatsugtige, soms ondankbare werk en baie tyd wat u insit om ons skool se belange op die hart te dra.
- Ds. Arrie Preller, baie dankie vir u opening.
- Baie dankie aan ons ouers wat ons skool deur dik en dun ondersteun en trots is om deel van die Fransiefamilie te wees. Spesiale dank aan ons ouers wat meer as hul deel doen, sonder u kan ons nie doen wat ons doen nie. Daar word soveel skenkings gemaak, dinge gereël en dienste gelewer, ons waardeer dit. Spesiaal aan ons vertrekkende gr. 7-ouers: Julle was waardige Fransies. Eenmaal ‘n Fransie, altyd ‘n Fransie.
- Personeel en studente, wat kan ek sê? Saam is ons ‘n wenspan. Ek weet ek kan net so sterk wees soos wat my span my maak. Daarom wil ek baie dankie sê vir die groot respek waarmee ons mekaar kan hanteer. Dankie vir die harmonie wat daar heers, dankie dat u gelukkig en tevrede lyk. Dankie dat u u passie en liefde vir kinders uitleef en ons skool en sy leerders altyd eerste stel. Dankie vir u professionaliteit en ekstra wat u insit sonder om ooit te kla. Dankie vir jul integriteit, lojaliteit en positiwiteit. U maak my taak soveel makliker omdat ek weet elkeen doen wat hy moet. En die belangrikste, dat u inkoop en my ondersteun in dit wat ons vir ons skool wil bereik. U is werklik dinamies en ek is ongelooflik trots daarop. Aan mnr. Ferreira en juffrou Turner, spesiale dank vir die wyse waarop u my ondersteun en u onderskeie afdelings bestuur. Dit is ook ongelukkig onafwendbaar dat as jy toegewyd tot jou skool is, jy jou gesin tot ‘n mate afskeep. Baie dankie aan my personeel se gesinne, maar ook my eie gesin, dat julle verstaan waaroor dit gaan en dat ons verseker kan wees dat ons daar is vir mekaar. Aan my vrou, met dieselfde uitdagings, dankie dat ons by mekaar kan afpak en ondersteun en nog steeds alles in ons vermoë doen om ons eie kinders te gee wat hulle toekom.

Ek sluit af:
In Laerskool Frans Conradie se pakkie is daar nie ‘n ek nie, net “ons”!

Soos altyd is ons beskikbaar en gewillig om te luister as leerders of ouers ‘n probleem het. Ons kan nie altyd doen wat die ouers verwag nie, maar ons sal altyd ons besluite neem soos wat ons dink die beste vir die skool en sy leerders is.
Alles daar buite waaraan ons en ons kinders elke dag blootgestel word is negatief. Hulle hoor en sien net die lelik van die lewe. Wat moet hulle dan hoop gee? Hoop vir die hede en die toekoms? In Laerskool Frans Conradie is ons positief en fokus ons op die mooi en die goeie, m.a.w. hier probeer ons vir ons kinders hoop gee, liefde gee om eendag hul plek in die samelewing te kan vol staan. WANT: Ons moet net saai en nat maak, GOD sal laat groei.
By die Fransies is ONS kinders GELUKKIG! Ons is TROTSE Fransies waar die WAARHEID altyd seëvier.

Ek dank u.

**Skoolhoof: Mnr. Z.J. Grobler**

## 2. Boodskap deur Voorsitter van Beheerliggaam

As deel van die Beheerliggaam is dit vir my ‘n voorreg en aangenaam om die boodskap aan u voor te lê.

Dit is aangenaam om die jaar 2024 af te sluit met die wete dat dit goed gaan met Laerskool Frans Conradie. As ons na die sukses daarvan kyk, sluit ons daarby in die skoolhoof, die onderwysers, administratiewe personeel, assistente, die kinders en ouers, asook persone buite wat gedurende die jaar bygedra het tot die opvoeding en ontwikkeling van ons kinders. Hiermee wil ek elkeen bedank vir die rol wat hy/sy gespeel het om Laerskool Frans Conradie voort te bou en dat daar op alle gebiede in die toekoms van krag tot krag gegaan sal word.

Namens die beheerliggaam wil ons mnr. Grobler, mnr. Ferreira, die sekretaresses en personeel opreg bedank vir hulle rol wat hulle speel met die ontwikkeling en opvoeding van die Fransie leerders. Die wete dat elke leerder persoonlike aandag geniet is vir ons ‘n riem onder die hart. Oom Pottie en sy span, julle is onmisbaar, dankie vir die harde werk.

Graag wil ek die ouers bedank vir die getroue betaling van skoolfonds in die uitdagende tye. Ek wil ‘n beroep doen op elke ouer om in 2025 getrou hierdie verpligting na te kom vir optimale funksionering van Laerskool Frans Conradie.

Dankie aan FOV en ouers wat altyd bereid was om hande te vat om elke projek suksesvol te voltooi.

Agter die skerms het die 2024 beheerliggaam harde en soms uitdagende situasies goed hanteer. Baie dankie aan elke lid wat te alle tye die skool se belange eerste geplaas het.

Vir die leerders wens ek sterkte toe in hul voorbereiding vir die eindeksamen wat gouer hier gaan wees as wat julle dink. Moenie in ‘n gees van middelmatigheid verval nie; wees die beste wat jy kan wees. Wees positief in jou optrede teenoor medeleerders en onderwysers, dan sal dit ‘n gelukkige skoolgemeenskap wees.

Ons dra in geloof, die skool en almal betrokke by die skool op aan ons Hemelse Vader en ons weet dat die volgende jaar net so geseënd soos 2024 sal wees.

Die uurglas het vir my leeggeloop by die Laerskool Frans Conradie. Aan die einde van my 9 jaar kan ek met dankbaarheid terugkyk oor ‘n vrugbare tydperk waarin ek deel gehad het in die belange van die skool. Mag almal in die jare wat kom getrou bly aan Laerskool Frans Conradie en sy betekenisvolle leuse: WAARHEID. Waar die WAARHEID altyd seëvier.

## 3. Frans Conradie Ondersteuners Vereniging (FOV) 2024

Die FOV-ouers van hierdie jaar bestaan uit die huidige leerderraad se ouers. Hierdie ouers se taak is om saam met die personeel hande te vat en fondsinsamelings te reël deur die loop van die jaar.

Elke jaar se ouers en projekte verskil en bring vars en nuwe idees in. Die groot projekte wat onder FOV se leiding val is die gewilde Trolleydash en Wildslootjie-kompetisies. Hulle is ook in beheer van die heerlike kosverkope by baie van die skool se funksies, en reël dan ook kleiner insamelings soos wat die kwartaal-program toelaat. Hierdie jaar het FOV twee groot projekte aangepak, naamlik Jak de Priester se vertoning in ons skoolsaal en die Knipmes-en-Spitaand wat op ons rugbyveld plaasgevind het. Beide hierdie projekte was goed ondersteun deur die gemeenskap en was reuse suksesse vir FOV.

FOV speel ‘n groot rol agter die skerms om nodige fondse vir die skool te genereer en ons is dankbaar vir hulle bereidwilligheid om hierdie take aan te pak met groot entoesiasme.
Ons glo dat volgende jaar se FOV net so gretig sal wees om ons skool op verskeie geleenthede by te staan en interessante projekte te reël.

Dankie aan FOV vir nog ‘n opwindende en suksesvolle jaar, julle was TOPS!

## 4. Nasorgsentrum

Die Nasorgsentrum groei steeds van krag tot krag en ons versorg tans ‘n gemiddelde getal van 136 leerders. Die ouers, leerders en personeel is soos een groot familie en ons streef daarna om die leerders se belange altyd eerste te stel en dit soos ‘n tweede tuiste vir hulle te maak.

Daar is 3 verskillende opsies wat ouers kan uitoefen met verskillende tariewe.

| | |
|---|---|
| **Opsie 1:** | **Voltyds** - middagete, versnaperinge en koeldrank in die middae, huiswerk en toesig asook skoolvakansies. |
| **Opsie 2:** | **Kwartaalliks** – hierdie opsie sluit nie etes in nie. Slegs 'n versnapering en koeldrank in die middae, huiswerk en toesig asook skoolvakansies. |
| **Opsie 3:** | **Wagklas** – is vir die ouer wat net een keer skool toe wil ry, maar meer as een kind in die skool het. Die jonger kind wag dan in die Nasorgsentrum totdat die skool verdaag en die ouer beide kinders kom haal. Die tye is vanaf 12:15 tot 15:00. |

Die Nasorgpersoneel bestaan tans uit die volgende persone:

| | |
|---|---|
| **Hoof:** | Mev. Lucille Nortje |
| **Assistente:** | Mev. Lydia Minnie<br>Mev. Guerrin Altichiero<br>Mev. Lynette du Plessis<br>Mev. Adri Human<br>Mev. Debbie Kitching<br>Mev. Natalie Starbuck<br>Mev. Chantelle Boshoff<br>Mev. Magda Roux<br>Mev. Esme Neveling |
| **Skoonmaakster:** | Mev. Constance Pezisa |

Ouers kan gerus wees in die wete dat die personeel by die Nasorgsentrum altyd die veiligheid en geluk van hul kosbaarste besittings, hul kinders, op die hart dra.

Die Nasorgsentrum is selfonderhoudend en alle uitgawes word uit die nasorgfooie betaal. Die sentrum is aanvanklik begin om meer leerders vir die skool te trek. Hierdie doel is lankal reeds verwesenlik en ons probeer tans om werklik vir ouers gemoedsrus te gee ten opsigte van hul kinders se veiligheid en versorging na skool.

Dit is dan ook die rede waarom Laerskool Frans Conradie bekend staan as die "Eenstop-skool". Ouers besorg hul kinders soggens by die skool en daar word in al die kind se behoeftes voorsien wat betref hul akademiese opvoeding, rekenaaropleiding, sport, kultuur, voedsel en huiswerk.
Na werk kan die ouers dus hul kinders by die Nasorg kom haal met die wete dat daar in al hul onderskeie behoeftes voorsien is.

Groot sukses word ook behaal met leerders wat sukkel met die akademie. Personeel loop graag die ekstra myl en dis vir ons, as personeel, 'n vreugde om te sien hoe hulle vooruitgaan en verbeter en selfs toekennings ontvang by die jaarlikse prysuitdeling.

Ons dank aan almal wat 'n bydrae gemaak het tot hierdie jaar se sukses. U mooi gesindheid teenoor die Nasorgsentrum en sy personeel word opreg waardeer.

## 5. Basaar, Vreklekker Vetpret Fransies Speletjiesdag

Kermis

Na 2024 se Kermis is ek oneindig dankbaar teenoor ons Hemelse Vader dat Hy Frans Conradie so ryklik seën. Woorde het ons nie. Baie dankie aan elke ouer, vriende van die Fransies en natuurlik die puik personeel wat ons ondersteun het en so mildelik bygedra het in hierdie moeilike tye.

Me. C. Rademeyer, baie dankie vir al die ure se harde werk en opofferinge en alles waarmee jy gehelp en gereël het om van 2024 se Kermis so 'n groot sukses te maak.

Met die wegneemetes het ons ongelooflike positiewe terugvoering ontvang. Mag ons verkope vir 2025 verdubbel. Ek belowe julle ons sal baie meer eetgoed by 2025 se Kermis hê, begin sommer nou al spaar vir die Kermis van 2025.

Vreklekker, vetpret speletjies.

Wow wat ‘n dag! Ons het weereens besluit om die tradisionele speletjies aan die leerders bloot te stel. Die kinders het dit so geniet, want hoeveel van hulle ken nie hierdie tipe speletjies nie. Dit was voorwaar ‘n dag waaroor hul nog lank sal praat. Kindwees is darem maar lekker!
Weereens het die personeel van Frans Conradie ingespring en met hul kreatiewe idees vorendag gekom. Julle is darem net ‘n topspan! Dankie aan die ouers wat vir kinders die geleentheid gebied het om hieraan te kon deelneem.

## 6. Didaktiese Hulp

Dit is vir ons aangenaam om te kan sê dat ‘n groot aantal leerders deur die loop van die jaar deur kundiges – sielkundiges, arbeidsterapeute, ensovoorts bygestaan is of na kundiges verwys is.
‘n Spesiale woord van dankie aan Spec Savers wat ons leerders se oë gratis toets en indien moontlik dan vir die leerders gratis ‘n bril gee. Fransies waardeer werklik jul positiewe gesindheid.
Dit is absoluut my passie en liefde vir die kinders om hul te onttrek en so bietjie ekstra aandag aan hul werk of net selfbeeld te gee. Wat ‘n voorreg het ek nie om deel van hul opvoeding te kan wees nie.
Baie dankie aan ons skoolsielkundige, Me. M. Ackerman, wat elke leerder met soveel empatie hanteer en hul so spesiaal laat voel. Die leerders is regtig bitter dankbaar vir alles wat u vir hul doen en beteken.

## 7. Opedag

Ons was vanjaar uiters bevoorreg om sommer baie nuwe gesiggies by ons jaarlikse Opedag te hê. Die ‘Wonderland’- tema het baie goed ingepas by ons skool se ideaal om as ‘n waardegedrewe, wonderskool bekend te staan.
Die nuwe maatjies is bederf met lekkernye en pret. Die nuwe maatjies het hulle gate uit geniet in die klassies en kon ‘n voorsmakie kry van wat dit beteken om ‘n Fransie te wees Ons glo en vertrou dat die maatjies baie lekker gekuier het, en dat hulle die slapies aftel totdat hulle volwaardige Fransies is. Ons Juffrouens kan self ook nie wag om te sien wat 2025 inhou nie!

Ons huidige Graad R-maatjies het ook op hierdie dag by die Graad 1 Juffrouens gaan kuier en vir die Juffrouens gaan wys hoe slim en reg hulle vir Graad 1 is.

## 8. VCSV / LOFPRYSINGSPERIODE

Elke Vrydag tydens die eerste periode het ons ‘n Lofprysingstyd. Leerders kry dan die geleentheid om vir die Here te eer en lof aan Hom te bring. ‘n Kort boodskap volg na die tyd waarna die leerders klasse toe verdaag. Op 18 April word die graad RR – 3 maats uitgedaag om geld in te samel vir Bybelverspreiding in die vorm van ‘n wedloop. Elke leerder het ‘n houer ontvang wat hulle geskenk het na afloop van die wedloop rondom die rugbyveld. Elke leerder het ook ‘n medalje ontvang. Die graad 7-leerders het die geleentheid gehad om op ‘n VCSV kamp te gaan op 16 – 18 Augustus in Jeffreysbaai. Lente Gierke en Jamie Wallendorf het saam met juf. Karen Erasmus die lewensveranderende kamp bygewoon. ‘n Groot gedeelte van die kamp is afgestaan aan lofprysing en Bybelstudie. Op 22 Augustus het ons ‘n lekker Koffiekroeg vir die graad 5 – 7 leerders gehou waar die leerders die belangrikheid geleer het dat ons op die Here moet vertrou.

## 9. Wêreldbiddag / Pinkster / Hemelvaart

Oom Bennie Vlooh het hierdie jaar die Hemelvaartdiens by Dagbreekgemeente waargeneem asook die Pinkster by ons skool. Leerders vanaf graad RR – 7 kon die erediens bywoon. Die leerders het die dag spandeer deur hul besig te hou met Bybelse aktiwiteite. Elke leerder kon ‘n stukkie hout skool toe bring en ons het ‘n groot vuur in die vierkant gemaak, wat die Heilige Gees gesimboliseer het. Die dag is afgesluit met ‘n piekniek.

Die fokus hierdie jaar tydens Wêreldbiddag was Palistina en die graad 6-leerders het die oggend gelei. Hulle het vir die leerders vertel van die land en sy mense. Hulle het die oggend gelei deur Bybel te lees en te bid vir die land, ons skool en ons leerders.

## 10. Jesus-week

Ons het hierdie jaar gefokus op die gelykenis van die saaier. Ons het die leerders aangemoedig om goeie grond te wees vir die Here se woord. Ons het gekyk na die sade wat ons plant in ander se lewens. Leerders vanaf graad RR – 7 kon deelneem aan verskeie aktiwiteite soos Koffiekroeë, Bybelvasvrae, “Amazing Race” en ‘n speletjiesdag. Dit was wonderlik om te sien hoe baie die leerders dit geniet het. Ons is baie dankbaar vir die goeie ondersteuning deur die leerders/ouers en onderwysers.

**11. Klerebank**

Vanaf 2023, is die klerebank doeltreffend opgegradeer, en steeds goed aan die gang. Ons is baie bevoorreg om so baie ondersteuning deur Fransie ouers te ontvang. Baie dankie vir elke donasie gedurende hierdie jaar. Daar is egter ‘n tekort aan sweetpakbroeke en skoolskoene. Die klere is beskikbaar teen baie billike pryse.

Die tye van die klerebank is soos volg: Dinsdae 07:00-08:00 en 12:00-13:45.

**12. Kaperjolle**

Dina het, soos dit ’n goeie ousus betaam, ingespring om haar boetie, Dawie, te help met sy LV-taak oor waardes. Saam het die twee die verskillende waardes ondersoek om Dawie se skooltaak te doen. Die graad 1’s se olifantjie en diere-maats het vir ons geleer van vriendskap, terwyl die ander grade oulike stories oor onder andere dankbaarheid en liefde vertel het. Die leerders het hulle harte uitgespeel, gedans en groot pret gehad.
’n Ritmiese massa-item met Bernice se “As Hy weer kom” was die perfekte hoogtepunt om ons waarde-fokus perfek op te som.

Ons leerders het die konsert vier maal opgevoer: Een keer vir die maats van ander skole, toe vir die oumas en oupas en daarna nog vir twee aande voor stampvol sale. Baie dankie aan ons ouers vir hul ondersteuning, positiewe kommentaar en geduld. Dankie ook aan ons liewe FOV-ouers wat vir ons gesorg het vir lekker kos en eetgoed tydens die konserte.

**13. Oupa- en Oumadag**

Wat ‘n voorreg was dit nie vanjaar om weereens al die oupas en oumas hier by Frans Conradie te verwelkom nie. Ons Oupa en Oumadag is altyd ‘n hoogtepunt waarna al die leerders uitsien en dit is so bitter lekker vir hulle om ouma of oupa in die gehoor te sien. Wat is nou lekkerder vir ‘n kleinkind as ouma of oupa liefde?
My innige dank aan al my kollegas wat altyd met soveel liefde en toegewydheid hiedie geleentheid so kosbaar en spesiaal maak.
Ons gaste is bederf met ‘n vrolike konsert, hope bederfies en ‘n heerlike eetdingetjie daarby. Oupas en oumas, julle is altyd welkom hier by die Fransies.

**14. Broodjieprojek**

Ons wil graag al die ouers, oumas en oupas wat betrokke is by hierdie projek hartlik bedank. Dankie vir u daaglikse opoffering om ons leerders te voed. U bydrae maak ‘n definitiewe verskil om hulle nood te verlig. Indien daar ouers is wat wil deel raak van hierdie projek, kontak asb vir juf. Diedericks.

**15. Klub 50**

Klub 50 is ‘n eksklusiewe klub wat uit ouers, personeel en ondersteuners van Laerskool Frans Conradie bestaan. Die lede van hierdie klub kry die geleentheid om bietjie te sosialiseer, te netwerk en net ‘n bietjie te ontspan om die braaivleisvure plus dalk weg te loop met ‘n prys of twee. Hierdie klub dien as ‘n bron van fondse vir die skool en poog om elke jaar ‘n projek of finansiële teiken te bereik. Deur elke tweede maand bymekaar te kom, kry die lede ook die geleentheid om hulle geld terug te wen en nuwe bande te vorm met die ondersteuners van die skool.

Klub 50 het hierdie jaar se funksies bietjie opgekikker, deur temas aan die aande te koppel naamlik ‘n Bokke aand, Italiaanse aand en dan ‘n snaakse hoed aand ook. Die klub het ook ‘n groot funksie aangebied in die derde kwartaal om nuwe lede te verwelkom en hierdie was ook ‘n reusesukses.

Hierdie klub kan net elke jaar groter en beter raak en ons is opgewonde om te sien watter projek hulle volgende jaar sal aanpak met die ondersteuning van die Frans Conradie ouers.

**16. Graad 7 Afskeid**

Die tyd het aangebreek vir die Graad-7 leerders van 2024 om mekaar te groet. Hierdie jaar het vir van ons leerders verby gevlieg en daar is gemengde gevoelens oor die volgende fase van hulle skoolloopbaan wat al hoe nader kom. Baie van ons leerders is al van Graad RR af saam in die skool en het al 'n paadjie saam geloop.

Ons kan dan nie anders as om vir hulle die geleentheid te bied om vir mekaar op 'n gepaste wyse te groet, waar heelwat van hulle paaie gaan skei na hierdie jaar. Ons beplan om ons Graad-7's weer te bederf met 'n heerlike aand van eet, gesels en natuurlik dans soos net hulle kan. Soos altyd beloof dit om 'n pragtige aand te wees om ons seniors finaal te groet en vorentoe te stuur na die hoërskool toe.
Ons wens net die beste vir elke leerder, en dit is altyd vir ons 'n voorreg om ons leerders te sien groei en presteer op verskeie gebiede waar hulle in die toekoms betrokke is.

## 17. <u>BUITELUGOPVOEDING</u>

### 17.1 <u>Graad R</u>

**<u>Graad R- Holmeleigh Farm</u>**

Vanjaar is ons geseën met ‘n pragtige reënerige dag met ons jaarlikse besoek aan Holmeleigh Farm. Ouers, leerders en personeel moes warm aantrek om die koue te trotseer, maar dit het die uitstappie net lekkerder gemaak. Die reën het darem lank genoeg weggebly sodat die leerders al die plaasdiertjies kon beleef.

Ons jaarlikse Holmeleigh Farm het sommer mooi saamgeval met ons Plaas-tema en die leerders kon eerstehands die plaas en plaasdiere ervaar. Aangeleerde kennis is hersien en baie nuwe kennis is bygevoeg! Die leerders het die trekkerrit en lekker speel verskriklik baie geniet.

Ons was bevoorreg dat sowat 78 volwassenes en 78 leerders ons vergesel het. Baie dankie aan elke ouer en grootouer wat op hierdie dag saam gekom het. Dit maak die dag net soveel meer spesiaal. Ons uitstappie is altyd ‘n hoogtepunt op die kalender!

### 17.2 <u>Graad 3</u>

Met groot opgewondenheid het die leerders hierdie jaar hulle oornagtassies gepak. Hulle het die klubhuis braaf in gevaar en oorgeneem vir n groot pajamapartytjie. Warm sjokolade en hegte vriendskapbande was die perfekte kombinasie vir ‘n rustige aand. Leerders het dit geniet om die volgende dag saam in hulle nagklere skool te gaan. Baie dankie aan al die juffrouens en studente wat hierdie aand spesiaal gemaak het. Baie dankie aan juffrou Turner en meneer Grobler wat die leerders verras het met n kuiertjie voor slaaptyd.

### 17.3 <u>Graad 4</u>

In Februarie was ons eerste uitstappie na die “Science centre” in Uitenhage. Daar het hul baie wetenskaplike eksperimente self speel-speel geleer, chemiese reaksies waargeneem en geklim em klouter ook. Met ons terugkoms het ons gou by die skoorsteen gestop waar die dorp Despatch sy naam vandaan gekry het.

Op 29 April het ons ‘n baie leersame Waterveiligheid-praatjie in ons saal bygewoon. Leerders ontvang inkleurprente asook boekies oor waterveiligheid met Ressie as karakter. Die program word geborg deur die Suid-Afrikaanse swemster, Charlene Wittstock, wat tans met die prins van Monaco getroud is.

Op 30 April het die leerders die geleentheid gekry om aan VR (virtual reality) by die skool deel te neem. Die leerders het die “dinosourusse se wêreld te ontmoet. Ek glo nie die skool se stoele is al so styf vasgehou nie!

Op 18 September het ‘n uitreikgroep onder leiding van ds. Preller ons besoek. Die groep bid gereeld vir ons dorp en skole.

### 17.4 <u>Graad 5</u>

Ons het die jaar met ‘n vrolike, Kaperjolle-konsert afgeskop en die graad 5-leerders het ons verras met hulle ongelooflike samewerking en dit was weereens ‘n hoogtepunt van ons jaar.
Ons het ook die jaar vir die eerste keer ‘n klasverkoping gehou en die ouers se samewerking was ‘n riem onder die hart en dit was ‘n groot sukses. Baie dankie aan ons ouers vir hul ondersteuning en geduld.
Die Graad 5’s het weereens hierdie jaar SAMREC besoek gedurende die tweede kwartaal. Ons het die oggend begin met ontbyt op die strand en daarna het die SAMREC-verteenwoordiger vir ons ‘n opvoedkundige les by die see aangebied oor seediere. Die leerders kon ook self onder die rotse soek en die seediertjies van naderby ondersoek. Daarna het ons die pikkewyne besoek en na ‘n baie interessante inligtingsessie oor pikkewyne en die bewaring van pikkewyne geluister.

**17.5 <u>Graad 6</u>**

<u>“Splash” Waterpark</u>

80 graad 6-leerders het die Waterpark op 15 Februarie besoek as deel van die leerarea, Lewensvaardighede. Mnr. Mattheus het die leerders meer geleer oor die belangrikheid van waterveiligheid. Die dag in die park is terdeë geniet en die leerders was glad nie opgewonde om terug te gaan skool toe nie. Ons het baie ouers gehad wat die dag saam met ons geniet het.

<u>Norm Hudlin Staproete</u>

Op 16 April het die graad 6-leerders gaan stap by Norm Hudlin in Port Elizabeth. Die dag is begin met ‘n 5 km staproete, speel en piekniek hou. Die leerders het voor die tyd klippies versier wat hulle ook weggesteek het op die roetes. Daarna is ‘n skattejag gehou waar Juf. Corlia die leerders bederf het met ‘n verrassingspakkie.

<u>Kamp</u>
Die Fransies het Van Stadens Rivieroord behoorlik oorgeneem tydens ons Leiersoriënteringskamp in Augustus. Die leerders het hul eie tente opgeslaan, strandspeletjies gespeel en aktiwiteite in groepsverband voltooi wat hulle getoets het. Die leerders het heerlike stokbrood gemaak en tot laat baljaar langs die kampvuur. Die leerders se gedrag was fenominaal en hulle het hulself goed van hul taak gekwyt. Ons is trots op hierdie pragtige groep leerders.

<u>Erfenisdag</u>
Erfenisdag het in die vakansie geval, maar dit het steeds nie die geesdrif van die graad 6-leerders gekeer nie. Hulle het op Woensdag, 18 September lekker wors gebraai en roosterkoek gemaak. Die leerders het trots hul erfenis gevier en lekker gekuier na die lang toetsreeks en uitdagings van die kwartaal.

**17.6 <u>Suid-Kaap Toer 2024</u>**

Met groot opgewondenheid het die graad 7-leerders en die betrokke personeel die pragtige pad na die Suid-Kaap toe aangepak.

Hierdie toer is elke jaar ‘n hoogtepunt vir baie graad 7 leerders en ‘n geleentheid om meer van dit wat hulle slegs in boeke sien, self te aanskou. Die leerders het die toer afgeskop met ‘n kuier by Monkeyland (waar die apies vir hulle gewys het presies hoe stout hulle kan wees deur een van die leerders se skoene te steel) en Knysna Olifant Park waar hulle langs die reuse kon staan en hulle kon voer. Die week het verder vlot verloop met besoeke aan die volstruisplaas in Oudtshoorn waar elke leerder die kans gekry het om die volstruise te voer en selfs hulle balans op die eiers te kon toets, deur die donker dieptes van die Kango Grotte rond te kruip en natuurlik ook op die kamele te ry by Wilgewandel. Alles was nie net pret en plesier nie, die leerders het ook hulle boekkennis getoets by die Diaz Museum en die natuurstappie in Wildernis. Hulle fiksheid en uithouvermoë was ook onder die kollig toe hulle duine uitgeklim het, op die rivier geroei en in die bome rondgeswaai het. Die toer het afgesluit met ‘n kuier by Lawnwood Slangpark waar die leerders waardevolle inligting oor slange geleer het, en kon self een van hulle ‘n drukkie gee. Ons is bederf met die perfekte weer vanaf dag een, en is dankbaar dat ons weer veilig terug gearriveer het op ons dorp.

Baie dankie aan die leerders wat ons skool se naam orals hoog gehou het, en die ouers wat dit moontlik gemaak het om weer hierdie toer te kon aanbied.

**18. <u>KULTUUR EN VERENIGINGS</u>**
**18.1 <u>Musiek</u>**

Ons is ongelooflik trots op die vordering wat die meeste van ons musiekleerders maak. ’n Suksesvolle musikant word gevorm deur harde werk en getroue oefening. Op hierdie jong ouderdom is ouers se betrokkenheid en verbintenis tot musieklesse net so belangrik soos die leerder se insette.

Altesaam 44 leerders het vanjaar musiekonderrig ontvang in klavier, blokfluit, klawerbord of kitaar. Dankie aan elke musiekleerder wat hard gewerk het en saam met al hulle ander sport- en kultuuraktiwiteite nog hul kant by die musiek ook gebring het! ’n Spesiale dankie aan dié musiekleerders wat bereid was om ’n liedjie te speel vir ons Musikale Maandag. Julle is ’n pragtige advertensie vir ons skool!

**18.2 Junior koor**

Die junior koor bestaan uit leerders van graad 1 tot graad 3 wat elke Woensdagoggend vir een periode saam oefen. Hierdie entoesiastiese sangertjies het opgetree by die Despatch Kunsfees waar hulle 'n goue seël ($A^+$) behaal het, by die Opedag asook tydens ons grondslagfase se prysuitdelings. Hulle lewendige gesiggies en mooi suiwer stemmetjies maak ons baie trots!

**18.3 Seniorkoor**

Die lekkerte van saam musiekmaak en die mooi harmonieë wat opklink wanneer ure se oefening uiteindelik vrugte afwerp, is die rede waarom leerders elke Woensdag en Vrydag aanmeld vir kooroefening. Koorsang is uithou-en-aanhou werk. Daarom wil ons vir élkeen van die 65 leerders wat so getrou kom oefen het, baie dankie sê vir die entoesiasme en getrouheid wat hulle openbaar het.
Ons koor het vanjaar by die koorfees van Laerskool Handhaaf opgetree. Hulle het ook die Here se naam groot gemaak tydens NG Kerk Eendrag se Pinksterfees. Ons senior koor het deelgeneem aan die Despatch Kunsfees waar hulle 'n Cum Laude seël ($A^{++}$) behaal het. Hulle is na afloop van die Kunsfees ook genooi om by die Prestige aand van die Despatch Kunsfees op te tree.

Aan al die graad 7-koorlede wat volgende jaar hoërskool toe gaan: Baie dankie vir al die jare wat julle in Frans Conradie se kore gesing het. Ons hoop dat julle pragtige herinneringe by die koor opgebou het. Ons wens is dat julle altyd 'n lied in die hart sal hê!

**18.4 Leerderraad 2024**

Die nuwe jaar is afgeskop deur 'n heerlike uitstappie na die Bush Pig Adventures waar die nuwe leerderraad en die verantwoordelike personeel, mnr. Ferreira en mev. Strydom, mekaar beter leer ken het. Almal het die spanbouaktiwiteite baie geniet en as 'n meer gedugte span vanaf die uitstappie terug gekom.

Gedurende die eerste week van 2024 het die leerderraad 'n kort kursus ontvang oor die hys en stryk van ons landsvlag voor die skool, asook al die trots en reëls wat daarmee gepaard gaan.

Donderdagoggende is leerderraadsvergaderings gehou waar ons probleme kon bespreek en die nodige leiding gee. Hierdie vergaderings het ook gedien as indiensopleiding aan die leerderraad. Elke maand moes hulle op 'n ander plek diens doen en die personeel en leerders wil hulle bedank vir die mooi gesindheid en toewyding waarmee hulle hierdie taak verrig het. Elke leerderraadslid het ook die geleentheid gehad om ten minste een keer die erekode voor te lees tydens Maandagoggende se saalperiode waar die hoofleiers ook verantwoordelik was vir die vlagseremonie. Ouervergaderings is in die eerste kwartaal gehou en dit was regtig aangenaam om te sien hoe die ouers hul gewig ingooi en hul kinders en ons skool ondersteun. By funksies het ons leerderraadslede ook fluks diens gedoen om al die gaste te verwelkom en ander takies te verrig.

Ons het hierdie jaar, na Covid-19, weer begin met ons besoeke aan Huis Najaar. Elke leerderraadslid het 'n ouma/oupa ontvang vir die jaar. Ons het ons oumas en oupas kwartaalliks besoek en ons gaan beslis volgende jaar voort met hierdie tradisie.

Frans Conradie is trots op sy leerderraad en dit was ons voorreg om julle te sien ontwikkel en te help waar ons kon. Baie dankie ook aan ons vier hoofleiers wat aan die stuur gestaan het van die span.

Mev. Strydom en mnr. Ferreira word bedank vir al die leiding, sorg en ondersteuning wat hulle vir die leerderraad en hul ouers gegee het. 'n Besondere woord van dank ook aan ons Hemelse Vader wat julle toegerus het met spesiale gawes en talente.

Die personeel en leerders van Laerskool Frans Conradie bedank julle vir die spore wat julle hier getrap het. Ons beste wense vergesel julle na die Hoërskool en ons bid dat sukses, geluk en gesondheid julle sal vooruitloop. Dit maak ons altyd trots om te sien hoe goed ons leerders in die onderskeie Hoërskole vaar. Alle sterkte vir julle elkeen.

**19. Robotika & Kodering / Rekenaarklasse**

Hierdie jaar was 'n jaar vol uitdagings en lekker leer gewees. In die klaskamer het soos ouder gewoonte 'n heerlike, gemaklike, skouer-aan-die-wiel leeratmosfeer geheers tesame met ietsie nuuts. Dit alles te danke aan twee lugversorgers en die klas wat uitgerus is met veertig nuwe rekenaars met die oog op die jaar se robotika en kodering wat ons beplan het. Met die 40 rekenaars maak ons gebruik van individuele asook groepsleer.

Die robotika-gedeelte fokus geweldig op groepleer. Die leerders is in volle ritme met die toerusting, Robotika toerusting asook die basiese rekenaarvaardighede wat ons tuisbring by die leerders. Ons het vanjaar die geleentheid gebruik om nie net ons tone in die Robotika en kodering waters te dip nie, maar sommer in die diepkant in geduik. Die leerders het die geleentheid gekry om buite die boks te dink en werk. Die leerders toon uitstekende vordering en voel tuis voor die rekenaar en Robotika stelle.

Dit is vir my ‘n groot voorreg om met u kinders te werk en te sien hoe die selfvertroue groei asook die kreatiwiteit van die leerders. Daarmee saam moet ek sê dat die leerders met groot opgewondenheid die Robotika aspek van die klas aangepak het en uitsien na die vooruitsig van Robotika en kodering in 2025 wat net van krag tot krag gaan groei.

**20. <u>Skaak</u>**

Dit was ‘n uitstekende jaar vir Fransies-skaak. Ons het die jaar weer afgeskop met ons familie-skaakdag. Die dag was ‘n groot sukses en met die fondse wat ingesamel is, kon ons vir al 7 borde klokke koop om skaak in 2025 te bevorder. Baie dankie vir al die ouers en leerders wat hierdie dag ondersteun het.
Ons het hierdie jaar met twee spanne aan die laerskool ligas deelgeneem. Beide die junior en seniorspan het baie kennis ingewin en het verbeter met elke wedstryd. Ons hoop om volgende jaar weer geseënd te wees met soveel talentvolle spelers.

Baie dankie vir u toegewyde ondersteuning.

**21.1 <u>Sportverslag: Sportkoördineerder</u>**

**Jou potensiaal is ons ideaal!**

Ons afrigters vir 2024:

| | | |
|---|---|---|
| **<u>Atletiek:</u>** | **ORGANISEERDER**: | Mev. L. Stander |
| | Diskus | Mnr. A. Mattheüs<br>Mev. J. Viljoen<br>Mnr. E. Brown |
| | Gewigstoot | Mev. M. Schoonraad<br>Me. M. Van Jaarsveld<br>Mnr. T. Van Huyssteen |
| | Hekkies | Mev. D. Olivier<br>Me. D. Marais<br>Me. E. Oosthuizen |
| | Hoogspring | Mev. H. Dippenaar<br>Me. K. Senekal<br>Mev. E. Diedericks<br>Mnr. J. Badenhorst |
| | Middelafstande | Mev. B. van Greunen<br>Mnr. D. Lotriet<br>Mev. L. Stander |
| | Naellope | Mev. J. Strydom<br>Mev. S. Swanepoel<br>Me. S. Botha |
| | Spiesgooi | Mev. C Rademeyer<br>Mev. K. Erasmus<br>Me. M. Olivier |
| | Verspring | Mev. T Gerber<br>Me. M. Smit<br>Me. D. Roelofse |

| | | |
|---|---|---|
| Admin | Mev. L. Stander<br>Spanbestuurder | <br>Mev. E. van Niekerk |
| **Krieket:** | **ORGANISEERDER:** | Mnr. B. Human |
| Mini-krieket: | Graad R-Seuns | Mnr. J. Badenhorst<br>Mnr. D. Lotriet |
| Mini-Krieket: | Graad 1-Seuns | Mnr. J. Badenhorst<br>Mnr. D. Lotriet |
| Krieket: | o. 9 | Mnr. E. van Tonder<br>Mnr. T. Van Huysteen |
| Krieket: | o. 11A & B | Mnr. B. Human<br>Mnr. L. du Toit |
| Krieket: | o. 13A & B | Mnr. C. Ferreira<br>Mnr. C. Leonard |
| **Landloop:**<br>Hulpafrigter: | **ORGANISEERDER:** | Mev. L. Stander<br>Mev. E. van Niekerk<br>Mev. T. Gerber |
| **Netbal:** | **ORGANISEERDER:** | Mev. J. Strydom |
| Netbal: | Graad R | Mev. C. Rademeyer<br>Me. L. Deyzel<br>Me. D. Roelofse |
| Netbal: | Graad 1 | Me. M. Smit<br>Me. M. Momberg<br>Me. D. Roelofse |
| Netbal: | Graad 2 | Me. L. Deyzel<br>Me. K. Senekal |
| Netbal: | Graad 3 | Mev. M. Schoonraad<br>Me. E. Oosthuisen |
| Netbal: | Graad 4 & 5 | Mev. S. Swanepoel<br>Mev. K. Erasmus<br>Mev. D. Olivier<br>Mev. J. Viljoen |
| Netbal: | Graad 6 & 7 | Mev. J. Strydom<br>Me. S. Botha<br>Me. D. Marais<br>Me. L. Deyzel<br>Me. D. Roelofse |
| **Rugby:** | **ORGANISEERDER:** | Mnr. A. Mattheus |
| Rugby: | Graad R-seuns | Mnr. D. Lotriet |
| Bulletjies: | o. 7 | Mnr. J. Bosch<br>Mnr. J. Badenhorst |
| Rugby: | o. 9A & B | Mnr. C. Ferreira<br>Mnr. L. du Toit<br>Mnr. C. Leonard |

| | | |
|---|---|---|
| | o. 11A & B | Mnr. E. Van Tonder<br>Mnr. A. Mattheus<br>Mnr. C. Leonard<br>Mnr. O. Van Greunen |
| | o. 13A & B | Mnr. Z. Grobler<br>Mnr. B. Human<br>Mnr. T. Viljoen |
| **Skaak:** | **ORGANISEERDER**: | Mev. E. Diedericks |
| Skaak: | Junior & Senior | Mnr. D. Lotriet |
| **Tennis:** | **ORGANISEERDER**: | Mev. K Turner |
| Mini-Tennis: | Graad 1 - 3 | Mev. B. Van Greunen<br>Mev. C. Botes<br>Me. L. Deysel |
| Tennis: | Graad 4 - 7 | Mev. K. Turner<br>Me. E. Van Niekerk<br>Mnr. C. Mulder |

**Buite-afrigters**

Mnr. E. Brown
Mnr. J. Bosch
Mnr. O. van Greunen
Mnr. E. van Rooyen
Mnr. N. Riekert

**21.2 Sportdag**

Met ons sportdag was ongeveer 1000 leerders op ons skoolgronde. Ons het vanjaar weereens alle B-spanne, in netbal asook rugby, saam met ons juniorspanne, die geleentheid gegee om aan ’n sportdag te kan deelneem.

Dit was ’n jolige dag met lekker eetgoed en vermaak vir alle sportliefhebbers. Opgewonde ouers het op en af langs die velde en bane beweeg om hul kindjie(s) aan te moedig.

Die FRANSIE personeel en FOV het van vroeg af hard gewerk om alles gereed te hê voordat die skole gearriveer het. Bussies en motors vol opgewonde, borrelende kinders en ouers daag een na die ander op en skielik verander ons skool in ‘n miernes, maar dit het ons personeel- en FOV- span geen kopsere besorg nie. Julle is ’n span – duisend. ’n Mens kan berge verskuif met julle. Baie dankie vir elkeen se bydrae.

Ten slotte wil ons ook net baie dankie sê aan ons eie Fransie ouers, ons personeel en personeel se gades wat ingestaan het as skeidsregters, noodhulpbeamptes, uithaler-kokke, verkoopsmanne, vlagmanne en dies meer! Elkeen van u het ‘n groot bydrae tot die sukses van die spesiale dag gelewer. Behalwe die fondse wat ons insamel, is dit ook ‘n ongelooflike advertensie van kameraadskap vir ons skool!

**21.3 Atletiekverslag**

80 Atlete het deelgeneem aan die Sone-byeenkoms wat gehou is op Dinsdag, 30 Januarie en Woensdag, 31 Januarie. Van hierdie atlete het 26 deurgedring na die Distrikbyeenkoms op 8 en 9 Februarie by die dorpsbane. 17 atlete neem deel aan die Nelson Mandela Kampioenskappe.
AJ Rheeder in graad 4 en Nazreen Jackson in graad 7 is gekies as lede van die Metrospan vir deelname aan die Oos-Kaap Kampioenskappe. Ons is trots op albei hierdie atlete.
Laerskool Frans Conradie wil hul opregte dank aan mnr. Edward Brown en mnr. Eugene van Rooyen bring vir hul ure se harde werk en afrigting van hierdie leerders

**21.4 Landloop**

30 atlete het deelgeneem aan 5 liga-byeenkomste hierdie jaar. Die leerders se pragtige gesindheid t.o.v. landloop was besonders hierdie jaar. Op 3 Augustus het ons atlete gekwalifiseer om deel te neem aan die Nelson Mandela Metropool Kampioenskappe by St. Albans. Hier het die leerders pragtig presteer. Chantelle Erasmus is gekies as lid van die Metrospan om te gaan deelneem aan die OP-Kampioenskappe. Ons is trots op haar pragtige prestasie en elke atleet wat elke dag hul beste gegee het.

## 21.5 Netbal

### 21.5.1 Beginner-netbal

Die graad R- maatjies was so gretig om netbal te speel dat ons meeste dae drie netbalspanne sou kon vol maak! Die netbalmeisies het gretig geleer hoe om ‘n bal te hanteer en die voetwerk vir “slim” voetjies was ‘n gunsteling. Elkeen het ook hul heel beste probeer in die “Vries”-speletjie om die stokkielekkers te wen!

Daar is ‘n spannetjie uit die beginnernetbalgroep gemaak wat ook die geleentheid gehad het om aan twee sportdae deel te neem. Dit was vir die leerders ‘n heerlike ervaring. Ons het ook voor die eerste sportdag ‘n bietjie gaan “oefen” teen een van ons buurskole se Graad R-spannetjies om die meisies voor te berei op die wedstryde.

Baie dankie aan elke dogter wat so pligsgetrou kom oefen het en vir al die lag en gesels. Dit was heerlik om deel te wees van julle eerste netbal-ervaring.

### 21.5.2 o/7-Netbal

Die o/7-meisies was hierdie jaar vol gees en baie entoesiasties. Hulle was altyd gretig om iets nuuts te leer, van nuwe spelpatrone tot nuwe balvaardighede. Die o/7-span het hierdie jaar so baie geleentheid gekry om wedstryde te speel en het baie goed gevaar. Ons as afrigters kon na elke wedstryd sien hoe hierdie meisies vorder. Hulle het geleer om nooit moed op te gee nie, aan te hou en net hulle beste te doen. Die meisies het so baie vordering getoon dat ons baie opgewonde is oor die toekoms van die span. Dankie aan almal wat die oulike spannetjies so mooi ondersteun het deur hul o/7-seisoen.

### 21.5.3 o/8-Netbal

Die o/8-netbalmeisies, meer bekend as “Die Wilde Prinsesse”, het ons gewys wat dit beteken om ‘n ware passie vir die sport, netbal, te hê. Tydens 2024 se netbalseisoen het ons volgens die nuwe Mini-netbal reëls gespeel. Die meisies het deur die loop van die seisoen op al 7 posisies gespeel. Die meisies het die ruilings baie geniet en nie teruggestaan vir enige uitdagings nie. Hulle het werklik hul harte uitgespeel en elke wedstryd hul bes gegee. Dankie vir al die wonderlike ondersteuning by elke wedstryd. Ons is baie trots op elke liewe dogter wat kom oefen het.

### 21.5.4 o/9-Netbal

Ons was vanjaar baie bevoorreg om 3 volledige spanne in die liga in te skryf. Hulle name was die Wolwe, Wilde honde en Coyotes. Daar was ‘n hele aantal dogters wat vir die eerste keer kom netbal speel het en ons was super trots op 25 van julle wat ywerig kom oefen en wedstryd kom speel het. Elke dogter se vaardighede en selfvertroue het ongelooflik ontwikkel. Hulle het ook tydens elke wedstryd ‘n karakter van deursettingsvermoë, veggees en goeie sportmanskap openbaar. Ons is ook baie dankbaar teenoor ons ouers wat die dogters getrou en met die nodige passie kom ondersteun het. 2024 was ‘n baie geseënde jaar vir ons dogters. Ons hou beslis jul vordering dop en glo julle gaan nog baie diep spore in die netbalgeledere trap.

### 21.5.5 o/10-Netbal

Dit was werklik ‘n heerlike netbalseisoen gewees vir 2024. Elke dogter het getrou kom oefen en net hulle beste kom gee op die baan. Ons as afrigters het pret gehad saam met die dogters en daar was ‘n goeie gesindheid onder die dogters gewees. Ons het talentvolle dogters wat elkeen net in hulle vermoëns moet glo en nie hulself moet onderskat nie. Elke dogter het die netbalseisoen ontwikkel en het die geleentheid gekry om haar potensiaal uit te leef. Daar het by elke wedstryd ‘n opgewondenheid geheers onder die dogters en hulle ouers. Ons is trots op ons A- en B-span wat goeie prestasies gelewer het en dankie aan al die ouers wat ons getrou kom ondersteun het tydens wedstryde.

### 21.5.6 o/11-Netbal

Die o/11-netbalspeelsters het ‘n goeie seisoen beleef. Elke dogter se vaardighede en selfvertroue het egter ongelooflik baie ontwikkel. Die B- en C-span het ook hierdie jaar aan wedstryde deelgeneem en dit sommer baie geniet en goeie ervaring opgedoen. Die spanne was deurgaans entoesiasties en het hard en getrou geoefen. Ons is ook baie dankbaar teenoor die dogters se ouers wat ons getrou en met passie ondersteun en aangemoedig het.

Baie geluk dogters, ons is trots op julle. Ons hou jul vordering dop en glo julle gaan nog diep spore in die netbalgeledere van Frans Conradie trap.

### 21.5.7 o/12-Netbal.

Die onder 12-dogters het die seisoen vroeg afgeskop ter voorbereiding van ‘n baie besige seisoen. Dit was al van die begin van die jaar af duidelik dat hierdie ‘n baie talentvolle groep dogters was en hulle het hard baklei vir hul plekke in die A-span tydens die proewe. As span het hulle baie gegroei en nuwe bande is gevorm. As individuele spelers het hulle ook hul merk op die baan gelos en ons is opgewonde om te sien hoe hulle verder presteer op die baan. Mienke Minné het tot die Metro-ronde van proewe deurgedring en ons is trots op haar.

Ons is dankbaar vir die ondersteunende ouers wat ons hierdie jaar gehad het, wat altyd positiwiteit uitgestraal het langs die baan tydens oefening en wedstryde. Ons wens hierdie groep dogters alle voorspoed toe vir hulle finale jaar van laerskool netbal volgende jaar. Dit was ‘n plesier om hulle af te rig hierdie jaar.

### 21.5.8 o/13-Netbal

Dit is ‘n voorreg om verslag te kan doen oor die jaar se o/13A-netbal. Die o/13A-netbalspan het vroeg in die seisoen afgeskop, terwyl ander kinders nog op die atletiekbaan was. In Februarie het ons deelgeneem aan Bergsig se sportdag. Daar kon ons vasstel op watter vaardighede ons aan moes werk vir die jaar. In Maart toer ons na Laerskool Cradock se sportfees. Daar kon elke speler sien waaraan sy moes verbeter. Dit het bygedra tot ‘n opwindende netbalseisoen vol uitdagings. Deur die jaar het elke speler gewys wat in hulle steek. Hulle het pragtige netbal gespeel en hul baie goed van hul taak gekwyt. Baie geluk aan Madison Gudmanz en Nazreen Jackson wat deurgedring het na Metro-proewe. Ons is baie trots op julle.

Baie dankie vir elke ouer se hulp en entoesiasme gedurende die seisoen. Baie dankie aan al ons borge, naamlik: Toyota Uitenhage, TopUp Despatch, BVSA, Koöperasie, Symara, Dentist on Smuts, Spur en Ubuntovent vir julle ondersteuning deur die jaar. Dankie aan ons Hemelse Vader vir ongelooflike talent en dat leerders hulle passie kan uitleef op die netbalbaan.

## 21.6 Rugby

### 21.6.1 Bulletjies

Die jaar het die o/6 en die o/7-bulletjie rugby uitstekend gevaar in die rugbyseisoen. ‘n Spesiale dank aan ons afrigters vir hulle toewyding en passie vir die bulletjies en dankie vir elke ouer se ondersteuning langs die veld. AS ONS STAAN, STAAN ONS SAAM.

### 21.6.2 o/9-Rugby

Hierdie mannetjies het vanjaar ‘n voorsmakie gekry van 15-man rugby. Vanjaar het ons ‘n baie besonderse jaar beleef en goeie rugby is deur hierdie jongmanne gespeel. Hierdie groepie is ‘n baie talentvolle groepie en met baie werk gaan hierdie groep nog groot rugby speel. Lanklaas het ons ‘n o/9- spannetjie gehad wat so mooi hardlooprugby op hierdie jonge ouderdom kon speel.

Baie dankie vir elke speler se bydrae hierdie jaar in enige vorm, hoe groot of klein. Dankie ook vir elke ouer en familie se ondersteuning langs die veld. Dit gaan nie ongesiens verby nie.

### 21.6.3 o/11-Rugby

Ons het hierdie seisoen weereens 2 spanne in die veld gestoot. Die seuns het nie net opgedaag nie, maar hulle harte wedstryd na wedstryd op die veld gelos. Die afrigters het regtig baie moeite gedoen en vir die o/11B-rugbyspan ekstra wedstryde gereël gedurende die seisoen en die seuns het met elke wedstryd hulle beste gelewer. Die o/11A-rugbyspan het ‘n goeie jaar beleef en het 80% van hul wedstryde gewen. Die hoogtepunt vir ons as afrigters van hierdie jongmanne is beslis die wyse waarop ons seuns hulle trots en respek vir die “game” en die Fransies uitgebeeld het. Ons wil net weereens baie dankie sê vir al ons borge betrokke by ons twee spanne. Dankie vir elke kind en ouer se harde werk en ondersteuning gedurende die jaar. Ons spanne het van krag tot krag gegaan tydens die seisoen: Ons teenstanders het geweet “hier kom harde *game*”. Ons sien uit na ‘n groot aksie-belaaide seisoen volgende jaar waar die ware Fransie sportmangees op én van die veld duidelik sigbaar is.

### 21.6.4 o/13-Rugby

Ons het hierdie jaar behoorlik afgeskop met ons jaarlikse Gholfdag wat as ‘n groot fondsinsameling vir die rugbyseisoen dien. Dit was weereens baie goed ondersteun en was ‘n reusesukses. Baie dankie vir elkeen se bydrae en insette. Ons hoop om almal weer volgende jaar daar te sien!

Graag wil ons ook van hierdie geleentheid gebruik maak om vir ons hoofborg, **Spur Uitenhage**, sowel as al die ander borge**,** te bedank vir julle lojale ondersteuning teenoor Frans Conradie.

Ons het die seisoen begin deur deel te neem aan die jaarlikse Frans Erasmus-toernooi wat dien as voorbereiding vir die jaar se ligawedstryde. Daarna het ons deelgeneem aan die jaarlikse Marlow-toernooi in Cradock. Ons gebruik hierdie toernooi om te bepaal waar ons nog kan verbeter.

Vanjaar was egter 'n jaar van gemengde uitslae vir die o/13-rugbyspan. Dit is vir ons lekker om te kan sê dat daar met groot trots en passie deelgeneem is en elke speler het aanhou speel ongeag wat die tellings was. Hulle deursettingsvermoë kon almal raaksien. Dus kan ons met eer en trots sê dat dit ‘n suksesvolle seisoen was.

**WEDSTRYDE GESPEEL: 33**

**BAIE GELUK AAN CONNER VAN ROOYEN, JEANDRE ROUX, DYLAN BESTER EN AIKEN VAN DER BERG WAT GEKIES WAS VIR DIE UPSRU-O/12 EN 13 SPAN EN ONS SKOOL DAAR VERTEENWOORDIG HET. DYLAN HET ONS SKOOL OOK DAN VERTEENWOORDIG IN DIE OP O/12-SPAN.**

Baie dankie vir elke speler se bydrae hierdie jaar in enige vorm, groot of klein. Sterkte met die graad 7-groep seuns wat hul loopbane gaan voortsit by die verskeie Hoërskole. Dankie ook aan elke ouer en familie vir u ondersteuning langs die veld. Dit gaan nie ongesiens verby nie.

Laastens, baie dankie aan die Hemelse Vader wat Sy hand van bewaring oor ons gehou het deur die loop van die seisoen. Sonder U krag is niks moontlik nie!

Aan die spelers: Glo in jouself! Hê geloof in jou vermoëns! Sonder ‘n nederige maar redelike vertroue in jou eie kragte, kan jy nie suksesvol of gelukkig wees nie.
Onthou: “The bigger the challenge, the bigger the response."

Dit was 'n voorreg om met elkeen van julle te kon werk en ook om te kon sien hoe elkeen ontwikkel het!

**TROTS OP JULLE!!!!**

## 21.7 Tennis

Fransies se tennis is weer op volle dreef. Ons het vanjaar aan die plaaslike skoleliga deegeneem en weereens onsself bewys. Die spelers het hulself behoorlik oortref.
Die tennisspan lyk tog te spoggerig te danke aan GAP management wat vanjaar die spelers behoorlik van kop tot toon bederf het met die spoggerigste kleredrag en sakke. Die Fransies staan behoorlik uit op die tennisbane tydens wedstryde. Weereens baie dankie aan ons borg.

Vir die eerste keer het ons tesame met Despatch Tennisklub ‘n Toernooi aangebied. Die inskrywings en belangstelling was ongelooflik en almal praat met lof van die Toernooi. Daarom gaan dit ‘n jaarlikse instelling word.
Die spelers het ook vanjaar ‘n nuwe ondervinding beleef, toe hul ‘n aand onder die ligte kon speel terwyl die ouers gesellig by die braaivleisvure kon saamkuier.
Spelers is baie entoesiasties en woon die oefeninge so getrou by. Baie dankie aan Craig Mulder vir sy positiewe gesindheid en sy liefde vir tennis. Hy straal hierdie liefde en passie behoorlik uit en ons kan nie genoeg vir hom daarvoor dankie sê nie. Hy is ook tans alreeds besig om met sommige Juniors te werk. Ons waardeer sy lojaliteit ongelooflik baie. Hy is voorwaar ‘n afrigter 1000.
Dankie ook aan die Despatch Tennisklub wat hul bane vir ons beskikbaar stel vir oefening asook wedstryde.
Laaste maar nie die minste wil ek baie dankie sê aan juffrou Esté (my linkerhand), elke mamma, pappa, ouma of oupa wat ons so mooi ondersteun.
EK sien baie daarna uit om 2025 met hierdie spelers te beleef.

**21.7.1 Mini-Tennis**

Vanjaar het daar weer groot opgewondheid onder ons maats geheers om mini-tennis te speel. Dankie aan elke maat wat so getrou kom oefen het, ons merk baie goeie vordering en ongelooflike talent onder julle op. Wie weet, dalk eendag gaan jy op Wimbledon speel? Ons nooi al ons maats van Gr. 1-3 uit om volgende jaar ook deel van hierdie groepie te word. Dankie aan juffrou Nikki, juffrou Carla en juffrou Bianca wat so getrou die spelers afrig en hulle so motiveer.

**21.8 Krieket**

**21.8.1 o/9-Krieket**

Dit is vanjaar die 3de jaar wat Frans Conradie se o/9-krieketspan wedstryde gespeel het. Die o/9's het vanjaar vier wedstryde gespeel, teen sterk oposisie, waarvan hulle geen wedstryde gewen het nie. Ons is wel trots om te kan sê dat ten spyte van die moeilike jaar, die spelers se vaardighede baie verbeter het.

Baie dankie vir elke seun se getroue bywoning deur die seisoen.

**21.8.2 o/11-Krieket**

Die o/11-krieketspan het hierdie jaar teen baie goeie opponente gespeel. Die krieket deelname het baie gestyg die afgelope jaar en dit is 'n plesier om sulke entoesiastiese jong seuns af te rig.

Daar is vele wedstryde gespeel waar sommige van ons krieketspelers meer as eenkeer 50 lopies aangeteken het. Die jaar het ons ook een speler wat sy eerste 100 lopies gekolf het. Deur die jaar het elke speler baie ontwikkel en baie nuwe vaardighede geleer.

Ons het hierdie jaar een toer onderneem na Graaff-Reinet waar ons teen Union Laerskool gespeel het. Die toer was 'n groot sukses en ons sal dus voortgaan om elke jaar te toer.

Baie dankie vir elke ouer se ondersteuning en elke seun se getroue bywoning deur die seisoen.

**21.8.3 o/13-Krieket**

Die o/13-krieketspan het in 2024 baie goed vertoon teen baie sterk opposisie. Ons krieket gaan van krag-tot-krag en dit is ‘n plesier om met sulke entoesiastiese jong manne te werk.

Vanjaar het ons ons vyfde toer te Graaff-Reinet meegemaak. Die toer was ‘n groot sukses en ons beoog om in 2025 ‘n soortgelyke toer aan te pak.

Ons B-span het soos ander jare ook aan die liga deelgeneem, maar ons sien ‘n daadwerklike afname in deelname. Ons, saam met ons ouers, sal hierna moet kyk en deelname aanmoedig.

Ons Fransies presteer in die onderskeie hoërskole en dit kan net moontlik gemaak word deur ‘n sterk basis wat hier in Fransie-land gelê is.

Baie dankie vir elke seun se getroue bywoning deur die seisoen.

**21.9 Redenaars**

Veertig leerders vanaf Graad 1 tot graad 7 het hierdie jaar deelgeneem aan die ATKV-Redenaars. Ons skool het ‘n informele kompetisie gehou waarna 18 leerders gekies is om deel te neem aan die eerste ronde van die ATKV-kompetisie. Die leerders het hulself uitstekend van hul taak gekwyt. Mienke Fourie, Niekohl van Niekerk en San-Marie van Niekerk het deurgedring na die semifinale ronde. Niekohl van Niekerk het ‘n 2de plek in haar afdeling vir Radikale redenaars by die nasionale kompetisie behaal. Ons is trots op al ons leerders.

**21.10 Spelmarathon**

Die leerders het weer hard geleer hierdie jaar aan hul spelwoorde. Die graad 3- en 7-leerders het ‘n uitdunronde gehou om te bepaal wie sou deelneem aan die Spelkampioenskappe. Tydens die kampioenskappe is Ava Groenewald in graad 3 en McKayla Williams in graad 7 as die kampioene aangewys. Die klas wat die meeste woorde korrek gespel het, was juf. Chenélle Rademeyer se graad R-maats. Die klas wat die meeste geld in gesamel het was graad 6J.

Ons is dankbaar vir elke leerder wat een nuwe woord leer spel het en al die ouers wat ons elke jaar getrou ondersteun met hierdie belangrike projek.

**21.11 Olimpiese Spele**

Die Fransies wou graag deel wees van die opwinding rondom die Olimpiese Spele wat hierdie jaar plaasgevind het. Op 26 Julie het die graad 4 – 7 leerders in klasverband elkeen 'n land voorgestel. Ons het 'n openingseremonie in die saal gehad waartydens die lande verteenwoordig is, die fakkel aangesteek is en die leerders meer geleer het oor die simboliek van die Olimpiese Spele. Die leerders het daarna lekker gespeel teen mekaar. Die dag was te kort om by al die items uit te kom, maar die leerders het dit baie geniet.

**21.12 Boekkarakterdag**

Op 26 Julie het die karakters uit die sprokiesverhale geklouter en rond gebaljaar op die Fransies bane en velde. Die leerders kon soos enige Afrikaanse Boekkarakter aantrek en indien moontlik, kon hulle die boek ook saambring. Die ATKV het ons bederf met Boekpryse vir die oorspronklikste karakters.

**21.13 <u>Despatch Kunsfees</u>**

Nege en sestig Fransies het hierdie jaar deelgeneem aan die Despatch Kunsfees wat tussen 29 Julie en 2 Augustus aangebied is op ons dorp. Leerders het deelgeneem aan voordrag, klawerbord, klavier, sang en gedramatiseerde poësie. Ons deel graag die uitslae as volg:

| Simbool | Aantal |
|---|---|
| A++ | 5 |
| A+ | 33 |
| A- | 4 |
| A | 14 |
| B+ | 10 |
| C | 3 |

Ons junior koor, o.l.v. Mev. T. Gerber het 'n A+ ontvang en ons senior koor het 'n A++ ontvang. Ons seniorkoor, sowel as Milan Klue (solosang), Niekohl van Niekerk (voordrag) en Aiden Haefele (voordrag) is genooi om deel te neem aan die Prestige Aand. Baie geluk aan elkeen wat deelgeneem het aan die Kunsfees. Ons sien uit daarna om weer oor twee jaar ons kinders se talente op die verhoog te sien.

**21.14 <u>Botanika</u>**

Die skool se Botanika-klub het 'n suksesvolle eerste jaar gehad. Leerders het belangrike tuinmaakvaardighede aangeleer, die groentetuin reg gemaak en die plante versorg. Die kinders se entoesiasme en spanwerk het die projek vir almal 'n lonende ervaring gemaak. Ons sien uit daarna om die program volgende jaar uit te brei.

**22. <u>Provinsiale Verteenwoordigers</u>:**

Die volgende leerders is almal gekies as provinsiale verteenwoordigers in die onderskeie sportsoorte. Ons is saam met hulle en hulle ouers TROTS op die besonderse prestasies

O.P. O/12 Rugby — Dylan Bester

O.P. Gemengde Vegkuns (MMA) — Wihan Hay

O.P. ASA Atletiek: Rohan Mulder, Mienke Minne, Lika Hurter

O.P. Boogskiet: Elsje-Jané Raubenheimer, Liam Wait

**Die volgende leerders het Suid-Afrika in karate verteenwoordig**

SA Karate: Willie Cloete, Dylan Gouws

**Die volgende leerders het Nasionale Federasie kleure in ballet**

SA Ballet: Tamaryn Botha, Luané Kleinhans

**23. Borge**

ABSA Despatch
Advanced Cooling
Algoa Toyota Uitenhage
Art@licious – Anneline Mulder
ATKV
Atlas Sekuriteit
Broodjie-projek ouers
Build-It
BVSA
Caren Rabie
Cherry Kelston
Chip-n-Dip
Cobus van Rooyen
Craig Mulder
Despatch Superspar
Dr. Herselman
Dentist @ Health
Dentist on Smuts
D. de Ridder
DHL
D.G. Manufacturing
Dormehl Phalane
Estelles
exp S.A. Paul Gierke
GAP Management
Glendoor Sand & Stone
Gys Fourie
Handy House Meubels – Frikkie Meyer
Himoinsa
Humansdorp Co-Op
Ietsie Bietsie
Jacques Ferreira
J.J. van Niekerk
Jendamark
Johan Barnardo
Jowat Adhesives
Juanita Burger Prokureurs
Klinicare Despatch
KolbeBlocks
Lannco
Loritas
LS Tooling
Louise Gerber
Loritas
Marieta Stander
Melanie Vlooh
Morne Oelofse
Nicola Kleinhans
Oasis Uitenhage
OK Mini Mark Despatch
Pick ‘n Pay Despatch
Pikkewouters
PG Glass Uitenhage
PSG – Charles Meyer
Quest Motors
RDVE Precision Engineering
Realty One
Sandman
SA Home Loans
Schoonraad Manufacturing
Smallville Packaging
Spec Savers
Steffens Gesin
Symara Knitwear
SRCC – Stefan Perold
Supa Crush
Top Up Despatch
Toshiba
Ubuntovent
UD Sports
Ubulomko Scrapmetal
Vergenoegd Slaghuis
Wild Rapids Spur en Panarottis Uitenhage – Pieter Kruger
Wilma Barnard (Wealth & Lifestyle planner)
YG Tech
4 Seasons Aircondition & Refrigeration
4 Seasons Winkel

**BORGE SOOS OP 04 November 2024**
**BAIE DANKIE VIR ALMAL SE VRIENDSKAP, LOJALITEIT EN ONDERSTEUNING GEDURENDE 2024 AAN MY EN LAERSKOOL FRANS CONRADIE.**

**Z.J. GROBLER**
**SKOOLHOOF**